# Hoofstuk van die dag: Jona 4

*Ek het geweet U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het.* (vers 2)


Ongelooflik. Jona ken die Here. Hy weet God is ’n genadige God. Maar hy stem glad nie met God saam nie, want God is volgens hom vir die verkeerde mense genadig. Só kwaad is hy dat hy liewer wil sterf (vers 3). Dit is die toppunt van arrogansie.

Dit lyk my ’n mens kan God ken en die Bybel ken sonder dat dit jou hart verander. Dan roep jy God se oordeel af oor ander wat nie soos jy is en leef nie. Die probleem daarmee is dat die hele punt van aan God behoort, daarin lê dat ons soos Hy moet word. “Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is,” het Jesus ons geleer in Lukas 6:36. Paulus sê dit ook in Efes 5:1: Ons moet God se voorbeeld volg.

Die wonder van hierdie verhaal is dat God net soveel geduld en genade vir Jona het. Hy draai nie sy rug op Jona nie, maar bly met hom besig, sodat hy kan verstaan hoe God oor mense dink. Of Jona dié insig gekry het, is ’n ope vraag.

NB: Ons begin môre met Miga.

---



# Hoofstuk van die dag: Jona 3

> *Die mense van Nineve het toe in God geglo en hulle het 'n dag aangekondig om te vas. Groot en klein het rouklere aangetrek. (vers 5)*

God was nog nie klaar met sy onwillige profeet nie. Skaars is sy klere droog en weer skoon ná sy rit in die vis se maag, of God herhaal sy opdrag. En hierdie keer gaan Jona sonder om jakkalsdraaie te maak. Hy het geleer dat as God iets van jou vra, gaan jy nie loskom nie. As die Here jou wil gebruik, sál Hy, al moet Hy jou met 'n storm voorkeer en 'n spesiale vis stuur om jou op droë grond te kry.


Jona se onlustige preek was seker die kortste preek ooit: "Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!"

Hierdie is sowaar 'n verhaal waar die rolle op sy kop gekeer is. Op die skip word die matrose baie beter geteken as Jona.

En Nineve reageer totaal anders as wat ’n mens sou verwag. Tot die koning neem deel aan die berou!

Jona moes nie die hele stad persoonlik gaan bekeer nie; dit was God se werk. Hy moes net ’n gehoorsame werktuig in God se hand wees, en die res aan God oorlaat. Dís wat God van ons ook vra.

---



- Search

# Hoofstuk van die dag: Jona 2

> *In my nood het ek tot die Here geroep, en Hy het my gebed verhoor. Diep in die doderyk het ek hulp gevra, en U, Here, het my gehoor. (vers 2)*

Hierdie hoofstuk is die gelukkigste hoofstuk in die verhaal. Dit vertel van verlossing en dankbaarheid, 'n wonderwerk en 'n loflied. Jona ontdek dat God se vasbeslotenheid om goed te doen, selfs vir dié wat straf verdien (soos Jona), ten goede kom.

Die hoofstuk berei ons voor vir die res van die verhaal. Jona verdien die dood, hy is eintlik reeds dood (vers 6), want hy het probeer om God se opdrag te verontagsaam. Tog kon hy God nie ontwyk nie en oorleef die watergraf op 'n ongelooflike wyse, want God was vir hom goed. 'n Mens sou verwag dat dit sy hele uitkyk op die lewe vorentoe sou kleur. Daarom die teleurstelling as jy later hoofstuk 4 lees. Jona wou ná alles wat met hom gebeur het, nog steeds God se goedheid net vir homself hou!

Dis maklik om God om genade te smeek as jy in die nood is en dan allerhande beloftes aan God te maak (vers 9). Die eintlike toets vir jou geloof lê in wat jy doen as jou voete weer op die grond kom.

---

# Hoofstuk van die dag: Jona 1

Maar Jona het klaargemaak om na Tarsis toe te vlug, weg van die Here af. (vers 3)

Jona het nie God se hart verstaan nie. Want by God het dit

nooit net om die volk Israel gegaan nie. Israel moes bloot 'n kanaal wees waardeur God se seën na ander kan vloei, ook na Nineve. Maar Jona wou daar niks van weet nie. En daarom spring hy op die eerste die beste skip en vlug.

Dis tog 'n verspotte ding wat hy gedoen het. Om te dink jy kan van God af wegvlug! Hoe sê Dawid nou weer in Psalm 139? "Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug?"

En daarom kom die stomme Jona nie baie ver nie. Hy is skaars op die skip, of God keer hom voor. Want – en dit het Jona óók nie verstaan nie – God gee om vir sy halstarrige profeet. Hy gee om wat Jona doen en wat van hom word. Want dis hoe God is. Hy gee om. Hy gee om vir die volk Israel, Hy gee om vir die mense van Nineve, Hy gee om vir Jona. Hy gee ook om vir jou. So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het … (Joh 3:16).


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026